## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## Kersdiens

Bring asseblief jou vriende en familie

25 Desember 2012

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**____________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

______________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

## 2 Desember 2012

## VAN DIE 'HEMEL' NA DIE AARDE OM VIR ONS 'HEMEL' OP AARDE TE GEE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Want so Lief het God — Chris Lamprecht ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Nou weet ek dat U
tot alles in staat is
en dat U kan uitvoer wat U besluit.
Wie is dit wat u bedoelinge
kan dwarsboom
sonder dat hy die insig gehad het?
Ek het oor dinge gepraat
wat ek nie begryp het nie:
u wonderdade was te groot vir my,
ek het dit nie verstaan nie.
U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat,
Ek sal vra, antwoord jy My.
Tot nou toe het ek net gehoor
wat mense van U sê,
maar nou het ek U self gesien.
(Job 42:2-5)

## STILTE VAN BINNE

~ Aan U kom 'n Lofsang toe — Chris Lamprecht ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**Lees: Lukas 24:13-35**

Die vraag is nie of jy die verhale ken nie
Die vraag is ook nie of jy al die 'gebooie' gehoorsaam nie
Die vraag is nie eers of jy Bybel lees of bid nie
Die vraag is nog minder of jy saamstem, verskil of kritiek het nie
Die vraag is of Rabbi Yeshua van Nasaret jou beïnvloed om soos hy te wees

Practice what all religions teach as necessary: love, compassion, mercy, loving kindness, patience, forgiveness, and humility.

### 'N REIS SONDER JESUS

*Vyf belangrike lewensvrae:*

- ✓ *wie is ek?*
- ✓ *waarheen is ek op pad?*
- ✓ *hoe gaan ek daar kom?*
- ✓ *wat gaan ek maak as ek daar gekom het?*
- ✓ *hoe sal ek weet dis waar ek moet wees?*

*"Van hom het hulle die verlossing verwag" — ons '**onwetendheid**' (ignorance) en '**geheueverlies**' (forgetfulness) dat ons nie verwyder is van ons Bron & Bestemming.*

***Hulle praat oor die mees wonderlikste ding waaroor 'n mens kan praat: geloof, hoop en liefde — maar van dit sê hulle die verskriklikste ding: dis dood.***

### 'N REIS SAAM JESUS

*Daar is geen pad wat vir God onbekend is nie.*

- ✓ *Hy ken elke reisiger op sy lewenspad*
- ✓ *Hy ken ons intensies, gedagtes, ervaringe*
- ✓ *Ken die hartseer & vreugdes van ons harte*
- ✓ *Hy sien die vermoeidheid & onsekerheid in ons emosies*
- ✓ *En luister na ons gesprekke met ons reisgenote*

*Hy praat nie oor wat dit is om te sterf nie; of hoe die hemel lyk nie; hy praat nie oor die kruis en hulle politieke en sosiale verwagting nie, hy praat met hulle oor **LEWE**.*

***Hulle is hartseer want hulle reis met hulle 'needs & expectations' …***
***Hulle reis met onsekerheid en hartseer want hul geloof, hoop en liefde is in 'n graf***

### 'N REIS MET JESUS

*Hy breek saam hulle die brood en hul oë gaan oop vir die 'opstanding' / verskyning*

- ✓ *Ons fisiese sintuie word vervang met spirituele sintuie*
- ✓ *Ons vrees word vervang met liefde — **dis feestyd en nie 'vreestyd' nie***
- ✓ *Ons verwydering word versoening — **Jesus IS geloof, hoop en liefde***
- ✓ *Ons dood is nie dood nie maar lewe — **Jesus 'verskyn' keer op keer***

**Die episode is verby - die invloed van die verhaal in alle ewigheid nie**

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ Kom na My toe — Chris Lamprecht ~

---

## BREEK BROOD EN SKINK WYN

Brood — die liggaam waarvan ons almal deel is
Wyn — simboliseer lewe waar ons één is met God
Ons vier 'n nuwe seisoen!

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Luister, so sê die Here wat jou geskep het,
Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie,
Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.
As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere,
hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan,
sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie,
want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.
Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet,
gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe.
Moenie bang wees nie, Ek is by jou. Ek bring jou kinders
van die ooste af, Ek maak hulle bymekaar van die weste af,
Ek sê vir die noorde: Gee! vir die suide: Moenie hul terughou nie!
Bring my seuns van ver af, my dogters van die uithoeke
van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem word,
elkeen wat Ek geskep het tot my eer,
wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.

(Jesaja 43:1-7)

---

## AS ONS UITSTAP

~ Aandgesang — Chris Lamprecht ~